Sing vooraf: Psalm 99:4, 5 (p. 492)

4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.

5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (p. 157)

1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 32:4 (p 152)

4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Skriflesing: Jesaja 54

Teks: Jesaja 54:2; Kategismus Sondag 38

Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. (Jesaja 54:2 AFR1953)

Selfs wanneer die kerk in die noute is oor sy sondes, gee die Here nog genade.

In ons tyd loop die kerke leeg en mense gaan al minder kerk toe. Die rede wat oor die algemeen gehoor word, is:

- Die kerk is te droog, en die kerk bly nie by met die tyd nie.
- Die kerk is nie lewendig genoeg vir die jongmense nie, en daarom gaan soek hulle iets wat meer opwindend is.

Dit was destyds presies net so.

- Die volk het allerhande nuwe dinge in die afgodsdienste gesien en dit begin doen, want daar was vir hulle meer opwinding in as om net tempel toe te gaan en te gaan bid en luister hoe daar vir jou lang stukke uit die Bybel voorgelees word.
- Die mense het toe ook maar soos nou gedink dat die kerk droog en dood is en dat die kerk te eng is.

- Toe het hulle ook hulle bevrediging in ander dinge gaan soek. Die kerk het leeggeloop.

Kom ons kyk in hierdie preek na twee sake wat aandag verdien:

1. Die kerk begrawe homself in sy sondes.
2. Die Here bly ’n God wat ruimte het in sy genade.

1. Die kerk begrawe homself in sy sondes.

Die Here het hierdie profesie vir ons laat opteken net voor Juda in ballingskap gegaan het. Hulle was die kerk van daardie tyd.

- Hulle was mense net soos ons, wat presies al die foute gemaak het wat ons maak.
- Natuurlik verdra die Here nie allerhande sondes in sy kerk nie, en daarom het Hy hulle gestraf.
- Die Here het aan die profeet Jesaja opdrag gegee om sy (die Here se) optrede en beloftes neer te skryf sodat ons daaruit kan leer – omdat die Here die volk van die ballingskap se saak net so hanteer soos wat Hy die mensdom aan die einde van die tyd gaan hanteer.

Kyk na die treffende beeld waarmee die Here hier met ons praat.

- Hy is besig om met ’n vrou te praat wat nie kinders het nie.
- Die Bybel noem haar ’n onvrugbare en ’n eensame.

Hierdie vrou bly in ’n tent.

- Die Here gee vir haar die opdrag dat sy haar tent groter moet maak.
- Sy moet die toue van hierdie groter tent baie sterk en styf maak, want daar kom baie kinders wat in hierdie tent moet kom bly:

  Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in. (Jesaja 54:2 AFR 1983)

Wie is die vrou en waar staan haar tent?

- Hierdie vrou is die kerk van die Here, en haar tent is haar tydelike verblyf hier op die aarde – die Here praat met ons!
- Ons is die kerk wat deur hierdie tydelike lewe moet gaan totdat die Here ons tentwoning afbreek en vervang met ’n ewige vaderhuis waar daar baie blyplek is vir al sy baie kinders.

In ons tyd beleef die kerk ’n krisis.

- Daar is ’n siftingsproses aan die gang tussen ware en valse gelowiges wie se name almal op die kerk se lidmateregister staan, maar wat nie met die Here saamlewe nie – presies soos wat dit met Juda was.
- Dit is wat die Here bedoel met die jong vrou wat onvrugbaar is en daarom nie kinders gehad het nie.
- Sy kerk het geestelik onvrugbaar geraak, want die mense se aanbidding het verskuif in dinge en plekke in waarmee die Here nie baie tevrede was nie.
- Die kerk het kinderloos geraak.

Hoe reageer die Here daarop? Hy laat Jesaja vir die volk vertel hoe hulle toekoms lyk.

- In die vergesig laat die Here hulle sien hoe Jerusalem eers in die oorlog vernietig gaan word omdat hulle godsdiens so agteruitgegaan het.
- Geen mens kan die Here vergeet of sy verantwoordelikheid teenoor die Here afskaal en dink hy gaan daarmee wegkom nie – die Here se straf haal so ’n mens in.

Die Here is nie ’n God van haat en van wraak nie. Hy is ’n God van liefde.

- Daarom openbaar die Here dat Hy die geskiedenis van die gelowiges weer gaan verander.
- Hy gaan weer vir hulle genade gee en Hy gaan hulle weer seën.
- Uiteindelik gaan die Here hulle lot verander ten goede.

2. Die Here bly ’n God wat ruimte het in sy genade.

Daar is dinge in hierdie hoofstuk geskryf wat ontsettend belangrik is vir ons om te onthou. ***Dit is dat die Here ons nie vergeet nie.***

- Hy sal ons wel straf as ons iets doen wat ongesond is, maar Hy sal ons nie verlaat nie.
- Hy is ons Koning. In hierdie hoofstuk stel die Here die saak baie sterk:

  Jou Maker is jou man! (v. 5)

Hierdie verstote kinderlose vrou het ’n man!

- Hy bring haar in sy genade bymekaar (v. 7), en
- Hy ontferm Hom met ewige goedertierenheid oor hierdie vrou (v. 8).
- Toegepas beteken dit dat die Here Homself verantwoordelik stel vir ons verlossing – Hy hou Homself vir ons aanspreeklik.

Daarom gebruik die Here hierdie intieme beeld:

- Al is jy ’n kinderlose vrou as gevolg van jou eie onvrugbaarheid, die Here is jou Maker en jou Man!
- Die Heilige van Israel is jou Verlosser.
- Die Here bewerk self weer vrugbaarheid in ’n kerk wat sy vrugbaarheid afgesterf het in die stompheid van sy geloof.
- Hy gaan dit doen met ’n liefde wat nooit vergaan nie – die toorn van die Here is kort en sy liefhê is lank.

Die Here gaan ons ook verander wanneer Hy ons weer herbou.

- Hy gaan volgende keer *sierklei* gebruik om die stene mee aan mekaar te messel.
- Ons daaglikse gewoonheid gaan met die varsheid en sprankel van saffiere en robyne en karbonkels en allerhande soorte edelgesteentes vervang word.

Die Here gaan sy kerk nie net mooi maak nie, Hy neem ook die verdediging van die stad op Homself.

- Die Here openbaar in vers 15-17 dat Hy die aanvalle en menslike wapens wat teen sy kerk gerig word, onskadelik gaan maak.

Wat beteken dit?

- Dit beteken dat God self die waarborg is vir die uitvoering van sy eie beloftes.
- Gelukkig is daar nie ’n skepsel se hand wat hierdie sake moet bepaal nie, want al die skepsele wat tot sover self dinge wou doen, het ’n gemors daarvan gemaak.

Daarom het God self begin om die klein tentjie van die onvrugbare vrou groter op te slaan.

- Hy het aan die kruis gesterf om die onvrugbares se sondes tot niet te maak.
- Hy het die straf daarvoor gedra – wat beteken dat Hy hulle weer vrugbaar gemaak het.
- Hy het God die Heilige Gees teruggestuur om die gelowiges so te leer en te lei dat hulle hulle onvrugbaarheid kan raaksien.

Hulle moet onder die leiding van God die Heilige Gees kom tot sondebesef en tot die begrip van hoe hulle teen die Here verkeerd optree.

- Dan moet hulle tot bekering kom.

- Hulle moet afstand doen van hulle onvrugbaarheid en weer lewe in hulle ware diens aan die Here.

Hy het God die Heilige Gees teruggestuur om die gelowiges so te leer en te lei dat hulle hulle tente nuut opslaan.

- Ware gelowiges moet doodeenvoudig op die punt kom waar hulle die wêreld en hulle verwaandheid kan eenkant toe skuif, en weer kinders van God word.

Daar is nogal ’n groot verskil tussen ’n kind en ’n slaaf:

- ’n Slaaf is iemand wat aan sy opdragte verkneg is.
- Hy kan nie doen wat hy wil nie, omdat daar ’n gesag is wat hom so vasbind dat hy gestraf word as hy nie gehoorsaam is nie.
- Hy erf ook niks en besit ook uiteindelik niks van sy heer se eiendom nie.

Daarteenoor is ’n kind iemand wat vrymoedigheid het teenoor sy ouers en wat uiteindelik eienaar word van die ouers se besittings.

- Ons is kinders van God.
- Kinders vir wie daar ruimte gemaak word – die tent word wyer gespan en die lyne oorgespan sodat daar vir ons blyplek is.

Dit bring ons by die toepassing van hierdie gedeelte op onsself: Waar pas ons in die kerk van die Here in?

Kom ons vra die vraag anders: Wat verwag jy van jou kerk? Wil jy in die kerk dien, of moet die kerk jou dien?

Dit is nie vrae wat in domheid gevra word nie, want dit is hoe die mense vandag praat.

- Die lidmate sê dat hulle ’n kerk soek waar hulle iets vir hulleself kan kry wat hulle bevredig.
- Daar is mense wat in hulle kerk vertoon soek. Hulle noem dit *vernuwing*, maar hulle bedoel daarmee dinge wat hulle persoonlike smaak tevrede stel.

Die kerk bestaan uit ’n baie besondere groep mense: Mense wat die liggaam van die Here Jesus uitmaak.

- Die Bybel leer ons dat die kerk die liggaam en Jesus die Hoof is.
- Is dit dan nog reg dat mense kan verwag dat die kerk hulle moet bedien, want die Here is nie daar ter wille van hulle nie, hulle is daar ter wille van die Here.

Dit is so dat daar in die kerk ’n diens gelewer word, maar weereens is dit ’n baie besondere diens:

- Die liefde van die Here Jesus word daar bedien.
- Die kerk is dus nie daar ter wille van vermaaklikheid nie, en dit is ook nie ’n middel vir ons saligheid nie.

Die kerk is die groep mense vir wie die Here Jesus lief is, en hulle kom saam om die Here – die Drie-Enige God – te dien en te aanbid.

- Ons kom dus nie kerk toe (en behoort aan ’n kerk!) om gedien te word nie, maar om te dien en om met die Here om te gaan.
- In die kerk dien ons mekaar ook met ons liefde en opoffering.

Die kerk moet nou al in beginsel wees wat dit in die hiernamaals gaan wees, naamlik mense wat God met volle oorgawe dien.

Dink net aan die woorde van Openbaring 7:15

> **Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.**
> (Openbaring 7:15 AFR1953)

Die kerk bied ons die geleentheid om die Here te aanbid en te vereer.

- Die kerk bied dus aan ons die vrede om te weet ons is verlos van die straf van die Here en dat ons versoen is met Hom.
- Dit is juis hoe ons kerk geword het – die Here het ons sy kinders gemaak met die bloed van die Here Jesus Christus.
- Deur die opstanding van die Here Jesus Christus het die Here ook aan ons die ewige lewe toegesê.

Kom ons dink weer oor die kerk – spesifiek oor ons gemeente: Is ons kerk dood of is ons lewend?

- As die kerk dood is, is dit omdat ons nie die liefde en die vrede van die Here ken nie.
- Dit sal nie help om na ’n ander kerk toe te gaan nie, want ons sal daardie kerk ook doodmaak – as ons nie die versoenende liefde van die Here ken nie.

’n Kerk word nie deur ’n dominee of deur ouderlinge of diakens aan die gang gehou nie.

- ’n Kerk word aan die gang gehou deur die amp van die gelowige.
- Anders gesê: ’n Kerk lewe waar God die Heilige Gees in die kerkvolk werk.
- ’n Kerk is mense wat deur die bloed van die Here Jesus Christus God se eiendom geword het.
- ’n Kerk is mense wat nou eiendom van die Here wil wees, en wat in hierdie eiendomskap lewe.

As dit nie so is nie, dan lê die probleem by ons en nie by die Here nie.

- Dit was wat die probleem met Jerusalem was.
- Hulle het ook hulle behoeftes op ’n manier gaan bevredig wat die Here se behoefte aan hulle verering en aanbidding leeg gelaat het.
- Daarom is Jerusalem eers vernietig en toe weer herbou met dié wat in die geloof volhard het.

Ons gemeente moet hierdie dinge raaksien en ons verwagting van onsself af wegtrek en op God alleen stel. Ons moet voor ons geestesoog sien hoe ons aardse tentwoning deur die Here verander word in die ewige woonplek:

> **Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie.**
> (Jesaja 33:20 AFR1953)

Die apostel Paulus het ook die ewige handewerk van God beskryf in ons hiernamaalse toekoms:

> **Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons ’n gebou het van God, ’n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,**
> (2 Korintiërs 5:1-2 AFR1953)

Dit hef egter nie ons *opdrag vir hierdie lewe* op nie.

- Hier moet ons die tent groter maak en die toue styfspan.
- Die hoofstuk is baie duidelik dat die onvrugbare vrou dit moes doen.
- Daarmee sê die Here dat ’n kerk net lewe waar sy lidmate lewe en waar hulle betrokke is by die kerk se aanbidding van die Here.

Kom ons lees saam wat in ons Belydenis geskryf staan oor die vierde gebod in die Heidelbergse Kategismus Sondag 38:

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: *God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).*

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42.
(c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:l4:l6. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 47:1, 4 (p. 240)

1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste͡in eer, groot is God die HEER!

4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste͡en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe͡is Hy!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 Oktober 2009